

09601191

20090206 PC 5510



LAERSKOOL LOSBERG

Die Direkteur Generaal
Noordwes Onderwysdepartement
Mmabatho

6 Februarie 2009

OORSKAKELING NA GAUTENG ONDERWYSDEPARTEMENT:

Ons appelleer ten sterkste teen die bogemelde verskuwing na gelang van die volgende punte:

- Ons is gevestig in ons streek en sal die verskuwing totaal ontwrigtend wees.
- Afstande wat gereis moet word vir Departementele besoeke, opleidingskursusse en korrespondensie bring mee dat die personeel langer tye nie by die skool sal wees nie en die reiskoste ook veel hoër sal wees.
- Goeie en gemaklike verhoudings is alreeds met fasilitateerders opgebou en die fasilitateerders het reeds ons skool besoek en baie noue samewerking is bereik as gevolg hiervan.
- Ons ontvang jaarliks 'n ruim bedrag van die Noordwes Onderwys Departement af vir handboeke en skryfbehoeftes per leerder en die Gauteng Departement van Onderwys verskaf na bewering nie in dieselfde mate fondse of finansiële bystand aan skole nie.
- Die moontlike oorskakeling kan nie slegs net finansiële - en akademiese ontwrigting veroorsaak nie, maar kan selfs ons sport- en kultuuraktiwiteite daardeur geraak word.

Ons vertrou dat ons kan staatmaak op u ondersteuning en hulpverlening in die verband.

Met Hoogagting

Mr A W Esterhuizen
Skoolhoof